

NAME IN HEBREEUS

In hierdie skrywe kyk ons meer na name as beskrywend van karakter en outoriteit met die oog op verwarring i.v.m. mens se geloofslewe voordat daar 'n bewustheid was van dit wat ons tradisioneel gekontamineerd geërf het.

Daar kom vrae in sommige gemoedere op. Mense kan wonder of gebede wat gebid is, geldig sou wees as dit nie volgens die Herstelde Naam is nie, maar in die Naam van 'Jesus' gebid is.

NAME IN DIE WOORD

In die Woord sien ons dikwels hoe 'n naam verteenwoordigend was van die rol wat die persoon gespeel het. Name het dus karakter en outoriteit gesimboliseer.

'n Goeie voorbeeld van die Hebreeuse taal se funksionele beskrywings kan gevind word in die woord 'אַיִל' (ajiel).

Hierdie woord word op baie maniere vertaal in die Skrif, bv. ...

“terpentyboom/eikeboom, ram, magtiges en deurposte”.

Hoe is dit moontlik? Wanneer ons 'n paar skrifte waarin die woord 'ajiel' voorkom ondersoek, word dit meer duidelik.

1. Gen. 22:13 “En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.”
2. Eseg. 40:14 “Ook het hy die deurposte gemaak: sestig el; en die voorhof, al rondom die poort, het gekom tot by die deurposte.”
3. Jes. 1:29 “Want hulle sal in die skande kom weens die terpentybome (*‘oaktrees’ in die die KJV*) waar julle behae in het, en julle sal rooi van skaamte word oor tuine wat julle verkies het.”
4. Ex. 15:15 “Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp. Al die inwoners van Kanaän het gebewe.”

Die oorspronklike betekenis van die woord 'אַיִל' (ajiel) is: **‘sterk leier’**.

- Die **eikeboom** is die hardste en sterkste in die bos,
- die **ram** is die sterkste leier van die kleinvee.

- 'n **Deurpos** is 'n sterk pilaar wat die struktuur ondersteun.
- Die **magtiges** is sterk leiers van die gemeenskap.

Die vertalers moes in die gemelde teksverse wat in 'n oosterse perspektief geskryf is, die woorde verander en vertaal met iets wat die westerse mens kan verstaan. Daar is dus verskeie maniere waarop die oosterse teks vertaal kan word, daarom verskil vertalings ook van mekaar.

In Ps. 29:9 word 'אַיִלָּה' (ajielah), wat die vroulik van 'אַיִל' (ajiel) is, verskillend vertaal in verskillende Bybels.

In die 1953 Afrikaanse vertaling lui dit so:

“Die stem van die HERE (*JaHUaH*) laat die **takbokke** lam en maak die bosse kaal;

In die NIV lui dit as volg:

“The voice of the LORD (*YHWH*) twists the **oaks**

Ons sien vandag geen ooreenkoms tussen 'n takbok/wildsbok en 'n eikeboom nie, maar vir die oosterse denke is dit dieselfde, want albei is funksioneel '**sterk leiers**'.

'n Meer letterlike vertaling van die vers sou wees:

“Die stem van JaHUaH laat die **sterk leiers** draai (*'twist'*).”

Wanneer mens dus die Woord lees, moet mens ook fokus op die **funksie van 'n objek**, of die **rol van 'n persoon**.

Hebreeuse name het meestal hulle **betekenisse verloor** in vertalings. Die Hebreeuse woord 'אָדָם' (adam), beteken 'mens' en is ook die naam van die eerste mens, Adam.

Gen. 2:7 “En JaHUaH Elohiem het die **mens** (*adam*) geformeer uit die stof van die **aarde** en in sy neus die asem van die lewe geblaas.”

'n **Vertaling** kan nie vir mens aandui wat die Hebreeus impliseer met die teks nie. Wanneer ons die Hebreeuse woorde terugplaas in die vers, lees dit as volg:

“En JaHUaH Elohiem het die **adam** (*mens*) gevorm uit die stof van die **adamah** (*aarde/grond*).”

Dit beeld duidelik uit dat die 'mens' en 'grond' met mekaar verband hou (“adam” en “adamah”). Daar is 'n duidelike woordspeling in die Hebreeus wat nie vertaal kan word nie.

Nog voorbeelde van name in Hebreeus en hulle konteks is Kain en Set.

Gen. 4:1 “..... en sy het swanger geword en **Kain** gebaar en gesê: Ek het ‘n man verkry (ge-‘**kain**’) ...”

Gen. 4:25 “... en sy het ‘n seun gebaar en hom Set genoem. Want, *het sy gesê*, God het my ‘n ander kind geskenk in die plek van Abel...”

In Hebreeus sou dit lees:

“ ... en sy het ‘n seun gebaar en hom **Set** (*om te plaas*) genoem, want Elohiem het ‘n ander kind ge-‘**set**’ (*geplaas*) in die plek van Abel....”

Ons sien die woordspeling ook met die naam van “Noag” en “Peleg”.

Gen. 5:29 “en hom **Noag** genoem, want hy het gesê: Dit is hy wat ons sal ‘**noag**’ (*troos, rus gee*)”

Gen. 10:25 “En vir Heber is twee seuns gebore; die naam van die een was **Peleg**, want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak (ge-‘**peleg**’); ”

Ons sien dus dat daar werklik dinge is wat **níe na regte vertaal kan word níe**. Die kostelike gespeel met woorde is onvertaalbaar.

DIE WOORD ‘NAAM’ IN HEBREEUS

Die Hebreeuse woord vir naam is ‘**shem**’ (שֵׁם). Hoewel ‘shem’ die betekenis van ‘naam’ het, kan die betekenis van ‘shem’ ook geïnterpreteer word as:

“**roem, beroemd, eer, bekend of verslag**”.

Hierdie woord het dus ‘n wyer betekenis in die antieke Hebreeuse taal.

Sonder om grammatikaal baie tegnies te raak, kan ons na ‘n paar woorde kyk wat duidelik in hulle spelling en vorming ‘familie’ is van die woord ‘shem’, naamlik:

- asem,
- hemele en
- die droë wind.

1. Asem

Die woord vir asem is: neshamah (נִשְׁמָה). Die middelste twee van die vier Hebreeuse konsonante, is duidelik dieselfde as in ‘**shem**’ (שֵׁם). Hierdie woord word gebruik in Gen. 2:7.

“En JaHUaH Elohiem het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die **asem** van die lewe geblaas. So het die mens dan ‘n lewende siel geword.”

Ons begrip van ‘asem’ is slegs om lug in die longe in te asem en uit te asem, maar wat sê Job in Job. 32:8.

“Maar dit is die Gees in die mens en die **asem** (*neshamah*) van die Almagtige wat hulle **verstandig maak**.” (*Engels: ‘teach them’*)

Ons kan dalk nie dadelik verstaan dat ‘asem’ **verstandig maak** of onderrig nie. Die ‘asem’ van die beide die mens en Elohiem het die vermoë **om gedagtes en emosie oor te dra**.

2. Hemele

Die woord vir hemel is ‘shamah/shamajiem’ (שָׁמַיִם). Dit beteken die hemel (‘sky’) of ‘die plek van die winde’. Dit word altyd in die meervoudsvorm gebruik: **shamajiem** (שָׁמַיִם). Weereens kan ‘shem’ (שֵׁם) se konsonante binne-in die woord herken word.

Gen. 1:1 “In die begin het God die **hemel** en die aarde geskape.”

Die Hebreër sien ‘neshamah’ (asem) en ‘shamah’ (lug of hemel), as sinonieme. Die ‘neshamah’ is die asem/wind van ‘n mens, terwyl die ‘shamah’ die asem/wind van die lug of die hemele is.

Net soos wat die ‘asem’ (neshama) kan onderrig, kan die hemele ‘shamajiem’ ook **praat** in Ps. 97:6.

“Die hemele (*shamajiem*) **verkondig** sy geregtigheid, en al die volke sien sy heerlikheid.”

3. Droë wind

Die woord vir ‘n droë wind is ‘shamam’. So ‘n droë wind veroorsaak dat ‘n woestyn of ‘n wildernis gevorm word. ‘n Wildernis is ‘n plek van verlatenheid. Dit word in Jer. 12:10-11 uitgebeeld.

“Baie herders het my wingerd verniel, hulle het my stuk land vertrap, hulle het my begeerlike stuk land ‘n woeste **wildernis** (*shemamah*, שְׁמָמָה) gemaak, hulle het dit ‘n **wildernis** (*shemamah*, שְׁמָמָה) gemaak; dit treur voor My, **verwoes** (*shamam*, שָׁמָם); die hele land is **verwoes** (*shamam*, שָׁמָם), omdat daar niemand is wat dit ter harte neem nie.”

Wanneer droë winde deur die woestyn waai, word enige vogtigheid wat in die grond is verwyder. Dit veroorsaak dat die woestyn dor en droog word. **'Shamam'** en **'shemamah'** is dus droë en dor plekke wat gevorm is deur 'n droë **wind**.

SHEM

Elkeen van die bogenoemde woorde wat familie is van die woord 'shem', het die basiese betekenis van 'wind'.

- **'Neshama**; is die wind of asem van 'n mens,
- **'shamajiem'** is die wind van die hemel en
- **'shemamah'** is die verwoesting wat veroorsaak word deur 'n droë wind

Ons kan dus aflei dat die eertydse Hebreeuse betekenis van **'shem'** wind of asem is.

Die 'shem' (שֵׁם) van 'n mens is sy **asem**, maar in die Hebreeuse denke is dit die wese of **karakter** van die individu. Die **aksies** van 'n persoon sal altyd betrekking hê op sy **karakter**. Daaruit kan ons verstaan dat:

“die **'shem'**, die asem en die **plek van oorsprong** is van al die **aksies** van 'n persoon”.

NAME EN TITELS

Ons maak onderskeid tussen name en titels, maar dit gaan ook oor **karakter**. **'Koning Dawid'** is dus nie net 'n titel met 'n naam agterna nie, maar 'koning' en 'Dawid' is ook albei **karaktertrekke**.

Die naam 'Dawid' beteken letterlik **'Geliefde'** of **'iemand wat liefhet'**. Die woord 'meleg' beteken **'heerser'** of **'iemand wat heers'**. Beide **'liefhê'** en **'heers'** is beskrywend van Dawid se **karakter**.

Die frase **'Koning Dawid'**, kan ook dan verstaan word as:

“**Die een wat heers is die een wat liefhet**”.

Dit bring dan ook 'n ander beeld uit as wat baie van ons gehad het. Dis ook 'n baie gepaste naam vir 'n koning van Israel, veral as daar in ag geneem word dat JaHUsa as 'Geliefde' aangespreek is deur Sy Vader (Matt. 3:17) en dat Hy MelekTzadek is, Koning van Geregtigheid en Hy is die uitdrukking van die liefde van Elohiem tot redding van die wêreld (Joh. 3:16).

IN GEBEDE

Dit is 'n algemene gebruik om mens se gebed af te sluit met: 'in die naam van JaHUsa/Jesus'

Dit word gebaseer op verse soos Joh. 14:13 en Joh. 16:23.

Joh. 14:13 “En wat julle ook al **in my Naam mag** vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.”

Joh. 16:23 “En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra **in my Naam**, sal Hy julle gee.”

Dis meer as om net jou gebed met ‘n refrein of ‘n formule af te sluit. Volgens die hoek van ons bespreking, naamlik ‘karakter en outoriteit’ sou dit toepaslik wees om te sê dit gaan ook oor die **gees** waarin die gebed gedoen word.

Volgens die begrip van die betekenis van ‘shem’ (*naam*), kan ons ook aflei dat ons volgens die **karakter en outoriteit** van JaHUsha moet bid. Hy het vir ons ‘n voorbeeld van so ‘n gebed gegee, naamlik die Onse Vader (*Matt. 6*).

Sy karakter is:

“Hy is die Verlosser”.

GEBEDE VAN DIE VERLEDE

Dis waarom ons gered kon word, al het ons nie JaHUaH of JaHUsha se ware Naam of die uitspraak daarvan geken nie. Die oomblik wat jy Hom as Messias, as Seun van die Vader wat vir ons gesterf het as Verlosser erken en aanvaar het, was die saak uitgemaak.

Mens het Hom in Sy karakter en aard korrek waargeneem en dit het die deurslag gegee. Hy het gekom om te red en nie te oordeel nie en het self vir ons die oordeel op Hom geneem, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16).

SLOT

Ons kan dus nie enige belydenis in twyfel trek wat in opregtheid gedoen is met die oog daarop dat JaHUsha ons skuld gedra het nie, al was dit op daardie tydstip gedoen in die naam van ‘Jesus’ nie.

Die korrekte Naam van JaHUaH is baie lank gelede vanuit die Skrif verwyder tydens Juda se ballingskap na Babilon, en so het dit deurgedring tot alle vertalings.

JaHUsha het ook net soos Josef wat ‘n tipe van Hom was, ‘n ander naam gekry waarmee Hy wêreldwyd geassosieër word in die Christendom. Maar net soos Josef onder sy Egiptiese naam die wêreld van daardie tyd ‘gered’ het deur koring/brood te voorsien, net so het JaHUsha gedoen, al het hy ‘n naam gekry wat die wêreld vir Hom gegee het. Josef het hom egter daarna

aan sy broers openbaar en hulle sou hom nie op sy Egiptiese naam genoem het nie. So is ons ook op die tydstip waar JaHUsa Hom aan ons, sy familie, openbaar en dit sluit Sy Naam in.

Tog beteken dit nie dat geeneen van ons of ons voorouers wat in die naam van 'Jesus' gebid het, se gebede bevraagteken moet word nie. Josef het steeds onder sy Egiptiese naam koring/brood tot redding voorsien. Dit hang alles net af of die Messias se Verlossingswerk aanvaar is of nie.

Dit is nogtans ons verantwoordelikheid om in die lig te wandel van waarheid wat geopenbaar is, na die beste van ons vermoë sodat ons kan saamwerk aan die wederoprigting van alle dinge (*Hand. 3:21*) om sodoende te kan herstel wat herstel moet word. Die Skrif koppel die Naam van JaHUaH aan dië van JaHUsa deur Jes. 45:23 en Fil. 2:9 – 11. Dit is eintlik net een Naam.

JaHUaH is aan die woord:

Jes. 45:23 “Ek sweer by Myself: geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My **elke knie sal neerbuig**, by My **elke tong sal sweer**.”

Dieselfde stelling van Jes. 45:23 word in Filippense gemaak oor JaHUsa:

Fil. 2:9 – 11 “Daarom het Elohiem Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die **Naam van JaHUsa** sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en **elke tog sou bely** dat JaHUsa Messias die Meester is tot heerlikheid van Elohiem die Vader.”

Maar onthou, JaHUsa het nie gekom om te veroordeel nie, maar om te red.

Joh. 3:17 “Want Elohiem het Sy Seun in die wêreld gestuur **nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word**.

Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van Elohiem nie.

En dit is die oordeel: dat die **lig in die wêreld gekom het**, en die mense het die duisternis lewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.

Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.

Maar **hy wat die waarheid doen, kom na die lig**, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in Elohiem gedoen is.”

Ons pas dus herstelde waarhede toe, sonder om dit wat verkry is in die verlede, te verloor. Bou net voort met die Waarheid.

JaHUsa het in daardie tyd wel aan Sy dissipels die Naam van die Vader geopenbaar (Joh. 17:6, 11 – 12, 26).

Joh. 17:26 “En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.”

As iemand egter Hom aanvaar as Messias en Verlosser soos Sy karakter en Verlossingswerk uitgebeeld is in die Skrif, veral die Nuwe Testament, sal so ‘n persoon wel gered word, soos wat meeste van ons ervaar het.

Met Sy eerste koms het Hy gekom om te red en nie om te veroordeel nie en is nou ons Hoëpriester wat vir ons steeds intree (Heb. 4:14 – 16).

Rom. 8:34 “Wie is dit wat veroordeel? Messias is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van Elohiem is, wat ook vir ons intree.”

Is dit nie die Messias in wie ons geglo het toe ons gebid het nie?

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Desember 2016

Bron: Jeff A. Benner, His Name is One